

## HOOFSTUK IV

### NATURELLEBUURSTATE - WES- EN NOORDGRENS

In 1838 het Hoof-Kommandant Potgieter die aanspraak van die Trekkers op die gebied wat hulle van Silkaats verower het, bekend gemaak en op die tydstip is deur niemand daarteenbbswaar gemaak nie. Deur die houding wat die Britse Regering aangeneem het toe Natal geannekseer was, het die Trekkers aangeneem, dat die Britse Regering nie hulle "recht, aanspraak en onafhanklikheid" op die gebied tussen die Vaal- en Vetrivier en die verower van Silkaats betwis het nie.

maar er in tegendeel alle blyken zijn gegeven van die geenene die zich stil en rustig in gezegde gronden gedragen hebben dat hul (?) hetzelfde in alle deelen ongemoeid kunnen bewoonen onafhanklik van het Britsche gezag en regeringsform. 1.

'n Wesgrens is vir die Trekkergebied vir die eerste keer met die konferensie wat daar plaasgevind het tussen afgevaardigdes van die Volksraad van Natal en die Raad van Potchef-<sup>2</sup>stroom, op 16 Oktober 1840 bepaal: van Buffelskop tot aan die Dorsland; van daar tot aan die "onderzijde" van die Molopori-  
vier en van daar tot aan die "Soutpan" aan Vaalrivier.

- 
1. Soutter Versameling Pak II, 6, V.R.N. Potchefstroom, 20 Desember 1847.
  2. Soutter Versameling Pak II, 2, Ooreenkoms van 16 Oktober 1840.

Hiermee het die Trekkers nie bedoel, dat die gebied wes van die grens nie meer as Trekkersgebied erken is nie. Dit was die gebied wat "vooreerst" bewoon moes word - waarskynlik om die bewoonde gebied vereers nie te ver na die weste te laat uitbrei nie en so die Trekkers bynekaar te hou.

Nieteenstaande die voorsorgmaatreëls van Potgieter om 'n onbetwiste aanspraak vir die Boere op die gebied te verseker het daar in later jare veelvuldige kwessies oor grondbesit in die westelike dele van die Trekkergebied ontstaan. Die belangrikste aanspraak van die Inboorlinge was, dat hulle ou bewoners van die gebied was. Om die waarde van hierdie aanspraak te bepaal moet gelet word op die vroeëre geskiedenis van die Inboorlinge met wie die Boere hier kennis gemaak het.

So ver bekend, was die eerste Kaffers wat in die nabyheid van westelik Transvaal kom woon het, die Bakalaharie (ook genoem Balala) wat hulle naby die oorsprong van die Moloporivier gevestig het. Baie van hulle het met die Boesmans, wat waarskynlik vir eeue die gebied bewoon het, gemeng en so het die Maswarwa, of Betsjoeana-Boesman ontstaan.

Na die Bakalaharie volg die Leghoya's wat die eersgenoemdes aangeval en geplunder het, met die gevolg, dat hulle die Kalahariewoestyn moes invlug. Die wat nie kon ontsnap nie, is onderwerp en het as slawe vir die oorwinnars diensgedoen. Op 27 Mei 1879 skrywe J. S. Moffat aan Shepstone, dat die Bakalaharie nog aan die grens van die woestyn bly.

- 
1. G. Stow: Native Races of South Africa, 1905, bls. 432.
  2. G. M. Theal Ethnography and Conditions of South Africa before A.D. 1505, (1922), bls. 183.

Hulle het dus nie weer hulle ou woonplekke bewoon nie.<sup>1</sup>

By die bron van die Marikwa is die Leghoya's verby, tot by Lithako en van daar in 'n suid-oostelike rigting na die Harts- en Vaalrivier. Nakomelinge van hierdie groep word nog in Basoetoeland gevind.<sup>2</sup>

Die volgende groep wat uit die noorde verskyn het, was die Batlapin, wat op hulle hakke gevolg was deur die Barolong. Ook hierdie groep het hulle by die Moloporivier gevestig. Hier het hulle voorspoedig gelewe en onder die Regering van Tau die toppunt van hulle mag bereik.<sup>3</sup> Teen die einde van die 18e eeu het die Barolong hulle woonplekke op die noordelike walle van die Molopo naby Hafeking, verlaat, en hulle voorgangers moes op hulle beurt in 'n westelike rigting die wyk neem.<sup>4</sup>

Na die Barolong 'n paar jaar by die Setlagolirivier vertoef het, het hulle na die Hartsrivier vertrek waar Tau die stat Taungs aangelê het. Van hier is hulle deur die Batlapienkaptein, Maskoe, wat kort na 1760 Kaptein geword het verdryf.<sup>5</sup>

Ongeveer 1760 is Tau oorlede en die Barolong verdeel in vier groepe onder Matlakoe, Tawana, Sihunelo en Matlabe. Khunwane het nou hulle hoofstat geword. Hier het hulle gebly totdat die Mantatie-invallers en Silkaats hulle verplig om te vertrek. Van een plek na die ander het hulle getrek. By Thabeng, naby Schoonspruit, wat later bekend was as Buis-

- 
1. S.N.I, 107/79.
  2. David Livingstone: Missionary Travels, and Researches in South Africa (1912) bls. 37.
  3. Native Affairs Department: History of the Native Tribes of the Transvaal, bls. 8
  4. G.N. Theal: Ethnography and Conditions of S.A., bls. 184
  5. G.W. Stow: Native Races of South Africa, bls. 438.



fontein, het hulle 'n tak van die Bakwenastam onder Semisho teegekom. Hier moes hulle ook die onderspit delf. Sehunelo is toe na Makwassie, waar die Sendelinge Broadbent en Hodgeson hulle gevind het.<sup>1</sup> Volgens die getuienis van die Sendelinge is hy hier weer deur die impië van Silkaats aangeval en in 1826 verplig om te vertrek na Platberg in die Vrystaat, waar hy gebly het tot 1833 toe die opvolgers van die genoemde sendeling<sup>2</sup> hom beweeg het om na Thabantsjoe te verplaas.<sup>3</sup>

Die Barolongs onder Matlakoe en Tawana is terug na hulle ou hoofstat, Khunwane, waar Matlabe weer by hulle aangesluit het. Die Leghoya's onder Molitsane, het die hoofstat aangeval en die Barolongs uitmekaar gedrywe. Matlakoe het in die slag gebly en is opgevolg deur Gontsi. Sy volgelinge en die van Tawana het pad gegee oor die Vaalrivier, by Sihunelo aangesluit en hom later na Thabantsjoe vergesel.

Matlabe het hom aan Silkaats onderwerp en gehelp om Melitsane terug te dryf na die Modderrivier, maar daar die juk van Silkaats te swaar gedruk het, is hy in 1835 ook na Thabantsjoe. Hier het die Trekkers die Barolongs ontmoet en die volgelinge van Matlabe wat met die skuilhoeke van Silkaats bekend was, as verkenners gebruik toe hulle teen<sup>4</sup> Silkaats opgetrek het.

In 1839 het Matlabe met verlof van Potgieter hom met sy volgelinge by Maklaong (Machavistad) naby Potchefstroom

- 
1. Native Affairs Department: History of Native Tribes of the Transvaal, bls. 8.
  2. Thomas Jenkins, John Edwards, and James Archbell.
  3. St. Court. Z.A.R. No. 48, 29 Oktober 1858.
  4. Native Affairs Department: Hist. of Native Tribes of Tvl. bls. 9.

gaan vestig. Hier het Mosjette en Tawana by hom aangesluit.<sup>1</sup>

Op 4 April 1842 laat Hoof-Kommandant Potgieter aan A. W. J. Pretorius weet, dat sekere van die Barolongstamme van plan was om te verplaas na die Moloporivier om hulle daar as onderdane van Emigrante te vestig. Hy het daarop aan hulle 'n pas verleen om te vertrek.<sup>2</sup> Die ou inwoners het dus ongetwyfeld die reg van die Trekkers op die gebied erken.<sup>3</sup> Die Trekkers het hulle ook as onderdane beskou en as sulks behandel.

Teen die einde van 1848 het Tawana eers verplaas na Lotlokana, later bekend as Rietfontein, waar sy volgelinge as gevolg van die vrede wat daar nou in die gebied geheers het, met groot getalle aangegroei het.<sup>4</sup> En kort hierna het Mosjette en sy volgelinge hulle by Khunwane gaan vestig. Toe Tawana by Lotlokana gaan woon het, was daar reeds verskeie Blankes by die beste fontein gevestig. Tawana kon hulle reg nie betwis nie, en het dit toe ook nie gedoen nie.

Die Batiapiens onder Gasibone en die volgelinge van Setsjelle en Gatsisibie, wat die Kalaharie ingevlug het, het ook grond in die westelike dele van die verowerde gebied gekry en hulle onder die beskerming van die Republiek geplaas. Pokolo het hom ook, later in die noord-westelike dele gaan vestig.<sup>5</sup>

- 
1. J. MacKenzie: Austral Africa, bls. 55: C.3219, bls. 41. Mosjette was die opvolger van Gontsi en kragtens sy afkoms die belangrikste Kaptein van die Barolongs.
  2. R. 911/42. Vgl. Walker: Hist. of the Great Trek, bls. 235. Dependent Chiefs were liable to be moved on if the Government required their land. Potgieter dealt thus with his Barolong and talked of doing the same with another clan.
  3. Offisiele Bescheiden gewisseld met de Engelsche Regeering in zake de Conventie van London gesloten 27 Februarie 1844 bls. 25.
  4. Agar-Hamilton vergis hom waar hy verklaar (Nat. Policy, bls 54): "Only a few years passed before even the accommodating Mattjawa was reckoned among the enemies of the state." Op 9 Maart 1847 is nog 'n ooreenkoms tussen die Kaptein en die Boere gesluit waarvolgens onderneem word mekaar te ondersteun "met goed en bloed" - R. 121/47.
  5. Offisiele Bescheiden gewisseld met de Engelsche Regeering in zake de Conventie van London bls. 25.

'n Ander Inboorlingras wat op die "wesgrens" gewoon het was die Korannas, wat in die omstreke van Mamoesa <sup>1</sup> gevestig was. Hulle was blykbaar nakomelinge van die Hottentotte met wie Jan van Riebeeck in die Kaap kennis gemaak het. <sup>2</sup> Dikwels is aanvalle deur die naburige stamme op hulle gemaak en deur hulle op ander; gevolglik het hulle getalle nie vinnig gegroei nie. En was dit nie dat hulle in besit van vuurwapens uit die Kaapkolonie gekom het nie, sou hulle dit waarskynlik nie in die gebied kon uithou nie. Net soos vir die Batlapiens en die Barolongs was die koms van die blankes vir hulle 'n ware uit- <sup>3</sup> komste.

Op 10 November 1847 het Potgieter weer aan sy mede-Emigrante bekend gemaak, dat die grondgebied wat hulle geruil het tussen die Vet- en Vaalrivier en die wat van Silkaats verower is "als het wettig eigendom van hem en de uitgewekenen beschouwen zal" word en dat hulle daar op sou bly aanspraak maak "Tenzij het Britsch Gouvernement aantoonen kan een beter recht daarop te hebben." <sup>4</sup> Hierdie "beter aanspraak" het hy geweet het nie bestaan nie. Onderhandelinge is wel in 1834 aangegaan deur die Goewerneur aan die Kaap en Silkaats, maar dit het nie aan die Britse Regering die reg verleen om aanspraak te maak op die grondgebied nie. <sup>5</sup> Die genoemde verklaring van Potgieter is deur die Volksraad in Desember 1847 bekragtig Besluite van die Volksraad sou oor die "verowerde gebied" van krag wees en die Kommandant sy gesag daarvoor uitoefen. <sup>6</sup>

- 
1. Die plek is later bekend onder die naam Schweizer-Reneke.
  2. G.W. Stow: Nat. Races, Bls. 267; C. 2367, bls. 157.
  3. Rev. Fleming: Southern Africa, bls. 138; G.W. Stow: Native Races, bls. 286.
  4. Soutter Versameling Pak II, 6, V.R.N. Potchefstroom 20 Desember 1847.
  5. Vir ooreenkoms sien C. 459/bls. 91.
  6. Soutter Versameling Pak II, V.R.N. Potchefstroom 20 Desember 1847.



Nie omdat die Trekkers die aanspraak van die Naturelle op die gebied erken het nie, maar omdat hulle op vriendskaplike voet met die Inboorling wou verkeer, is op 23 Julie 1850 'n ooreenkoms gesluit met Ooson Lings, die Koranna Kaptein Volgens die ooreenkoms het die Korannas en die Boere hulle "in een altoos duurende vreedse vriendschap en Bontgenootschap" verbind op de gronden daar wij ons nu Bevind." Die Korannas sou onder hulle eie wette staan en albei partye het onderneem om nooit teen mekaar te veg nie. Dit lyk of die Boere die Kaptein as 'n onafhanklike Kaptein erken het. Dit was blykbaar nie die bedoeling van die Blankes nie. Waar Inboorlinge op grondgebied gevestig was waarop die Boere aanspraak gemaak het, het hulle gewoonlik soortgelyke ooreenkomste gesluit. Die idee was dat die Kaptein op die gebied waarop hy met sy volgelinge gevestig was, volgens sy eie wette en gebruike, sonder inmenging van die Blanke Administrasie kon regeer. Waar die Inboorlinge op grond waarop Boere aanspraak gemaak het gewoon het, het die Boere nooit deur hierdie soort van ooreenkomste afstand gedoen van hulle aanspraak op die grond nie. Dit was 'n soort van segregasie-politiek wat hulle gevolg het omdat hulle nie regstreeks Inboorlingstanne kon regeer nie. Aan die ander kant het die Boere probeer vermy dat Blankes hulle sou gaan vestig op gronde wat aan die Inboorlinge vir bewoning afgestaan is. Hulle het wel goed besef dat die Inboorlinge grond nodig gehad het om 'n bestaan te kan maak en wou kwessies tassen die Blankes en Inboorlinge wat op die manier kon ontstaan, vermy.

-----  
1. T1/1200 (1929)

Nieteenstaande daar Blankes by die Moloporivier gevestig wastoe Tawana in 1848 verlof gekry het om in die dele te gaan woon, is in Desember 1851 by Kommandant-Generaal Pretorius klagte ingedien, dat Boere inbreuk maak op grondgebied waarop die Barolings gevestig was. Hierop het die Krygsraad besluit om 'n kommissie aan te stel om die saak te ondersoek. Aan Montsioa is kennis gegee om op 30 Desember by die Moloporivier te wees om die saak te bespreek. Op die bepaalde datum het die Kaptein met sy raadsliede en Eerw. Ludorf op die gewese plek vergader. Veldkommandant A. Staanders en Piet Scholtz en twaalf ander Boere het hulle hier ontmoet.

Volgens 'n "Copij van Notulen Grensbepaling tusschen de Regeering der Emigranten Boeren en de Barolongstammen in 1851" is die grens tussen die Barolongs en die Blankes as volg vasgestel:

Alle grond ten weste van die wapid, wat van Klein Mariko oor Montsioa se stat gaan) en wel van waar dezelve uit de koppen van Klein Mariko uitkom (tot aan die wadriif in die Molopo. Van die hoofstat) "30 minuten langs de Wagenweg tot aan een groote Doornboom by de pad. De lyn loope, van daar sich Oostelyk wende 30 minuten zuidelyk houdende van de plaatsen langs Malopo, tot aan het oog van Kleijn Malopo langs de pad na Elandsfontein: van daarvan daan langs Harts Rivier af tot waar dezelfde in Vaal Rivier loopt. 2.

Die voorgenoemde dokument is in 1871 gebruik om aan te toon, dat die Boere afstand gedoen het van die gebied tenweste van die grens wat daarin omskryf word. Veel waarde kan nie aan die onderhandelinge geheg word nie. Dit was in die eerste

- 
1. T. 1/1200 (1929); C. 459, bls. 144.
  2. Dieselfde.



plek buite die bevoegdheid van die Kommissie om grenslyne te bepaal, waardeur grondgebied van die Boere afgestaan was. Die Volksraad het ook nie so 'n ooreenkoms goedgekeur nie. Op 6 Februarie 1871 skryf die Britse Hoë Kommissaris aan die President:<sup>1</sup>

It appears to be clear that neither the farmers nor the Government of the S.A.R. since (na die ooreenkoms van 1851) have held themselves bound by the agreement then made, but on the contrary have acted as if no such agreement existed.

Volgens die Prokureur van die Suid-Afrikaanse Republiek in die Keate-Uitspraak, Kleyn, was die dokument 'n vervalste produk van Ludorf. Daar is geen gegronde rede om aan te neem, dat dit 'n egte dokument is nie. As wel aangeneem word, dat die ooreenkoms met die Barolongs aangegaan is, moet die grens wat bepaal is, alleen beskou word as 'n skeiding tussen die Blanke en Naturelbewoonde gronde en nie as 'n grensbepaling van die Blanke en Inboorlinggebied nie. In hierdie gees is later skikkinge met die Kaffers getref.<sup>2</sup>

Met die sluiting van die Sandrivier-Konvensie, wat op 17 January 1852 onderteken was, het die Britse Regering die onafhanklikheid van die Trekkers noord van die Vaalrivier erken en belowe "geene overschrijding ten noorden van de Vaalrivier zal gedaan worden."<sup>3</sup> Die wesgrens van die Republiek is nie in die verdrag bepaal nie. Britse imperialistiese ideale was nog nie sterk ontwikkel nie en omdat die Britse Regering nie tengunste van uitbreiding van grondgebied in die binneland was nie, het hy nie omgee hoe ver

- 
1. C. 459/ bls. 148.
  2. S.S. 60, verklaring van F. W. Kleyn, 1 Maart 1871.
  3. Locale Wetten der Z.A.R. 1849 -1885 bls. 13.
  4. Sien Stuart: Holl. Afr. en hun Republiek bls. 235 - Hogge en Owen aan die Goewerneur re Sandrivier-Konvensie "Dit is werkelyk toegestaan door de duidelijke bepaling van Lord Grey: dat de Kolonie niet uitgebreid zal worden"

die gebied van die Suid-Afrikaanse Republiek na die Weste strak  
<sup>1</sup>  
nie.

Die eerste moeilikhede in die gebied met die Inboorlinge was 'n gevolg van die aktiwiteite van die filantropiese verteenwoordiger van die Londense Sendinggenootskap, Livingstone, wat nie alleen sendeling en ontdekkingsreisiger, maar ook imperialis <sup>2</sup> was. Die oorwinning van die Basoetoes en die groot hoeveelhede vuurwapens wat hoofsaaklik deur Engelse handelaars en reisigers ook in die dele ingevoer was, het invloed op die verhouding van die Inboorlinge in die streek teenoor die Boere uitgeoefen.

In 1852 was die Boere verplig om teen Setsjelic op te <sup>3</sup> trek. Montsioa is aangesê om ondersteuning te stuur. Omdat hy nie aan die versoek voldoen het nie, het Kommandant Scholtz dit sy plig geag, om na hy met Setsjelic afgereken het, hom <sup>4</sup> vir sy ongehoorsaamheid te straf. Montsioa het voorgegee, dat hy bang was en vir die Sendeling J. Ludorf en twee van sy raadsliede gestuur het om in sy naam op te tree. Hierdie afgesante wou die Kommandant nie ontvang nie en hy laat die Kaptein weet dat hyself moes verskyn.

Na Montsioa lang raad gehou het, het Ludorf aan hulle voorgestel om tussen drie sake te kies: Hulle moes beeste neem en na die Boere gaan om vrede te sluit, hulle wapens uitlewer en belastings betaal; of in die woestyn na 'n skuilplek soek, maar die gevolge van dors en die warm son nie vergeet nie; of veg vir hulle "vryheid en feg".

Die Politiek van die Barolong ompad te gee sodra 'n sterker vyand verskyn, het in die geval weer die meeste

- 
1. S.S. 60. F. W. Kleyn, 1 Maart 1871.
  2. S. S. 60.
  3. Word in Hoofstuk oor Sending werk behandel
  4. E.VR.N. IV - Verslag van M. W. Pretorius, 20 Aug. 1853.

byval gevind en op 15 September 1852 het hulle Lotlokana verlaat en in die suid-westelike rigting die Malaharie ingevlug. En op 28 September is die stat op bevel van Montsoia aan die brand gesteek.<sup>1</sup>

Die sukses van die Basoetoes by Bereaberg het die Barolongs van Montsoia weer moed gegee, hulle het weer terugkeer na hulle ou woon plekke, en nie lang daarna nie, was hulle so vinnig besig om te plunder, dat Kommandant-Generaal Pretorius verplig was om stappe teen hulle te neem. Spore van gesteelde vee is na Montsoia se kraal gevolg en 'n skermutseling waarin verskeie Boere gewond is, het plaasgevind. Veldkornet Paul Kruger het daarop vir Montsoia laat weet om hom te kom sien maar in die nag het hy gevlug. Hy het gesorg dat hy vir die volgende paar maande uit die hande van die Boere bly en op 14 Oktober 1853 is 'n ooreenkoms deur Veldkornet Jan Viljoen met hom gesluit, waardeur die ou grenslyn weer erken is "soos bepaal deur die hoof van die eerste Emigrante, Kommandant H. Potgieter."<sup>2</sup>

In 1854 het diefstalle in die westelike dele toegeneem.<sup>4</sup> In 1855 en 1856 is daar drie Blankes deur volgelinge van Setsjelle vermoor. 'n Kommissie is afgevaardig om die saak te besoek. 'n Kommissie kon egter nie veel uitvoer.<sup>5</sup>

1. E.V.R.N. Iv - Verslag van M.W. Pretorius, 20 Aug. 1853. G. M. Theal: History of S.A. Vol. VII, bls. 401.
2. Correspondence relating to the alleged kidnapping and Enslaving of young Africans by People of Transvaal Republic 1869, bls. 21: C. 459, bls. 148.
3. T. 1/1200 - 14 Okt. 1853. F. Kleyn het in sy memorandum van 1 Maart 1871 beweer dat die vredestraktaat "alweder een product is van die vindingryke geest van de Heer Ludorf" - Sien Memorandum 1 Maart 1871 - S.S. 60 Die gr. ns wat hier bedcel word is die van 1851.
4. V.R.N. 7 Junie 1854, art. 39: R. 702/54 - Brief van Setsjelle 15 Oktober 1854; R. 737/54 - Verklaring van Veldkornette, Desember 1854.
5. S.S. 60, Pretorius aan Grey. 16 Jan. 1864; R. 1093/56.



1  
nie. Die Suid-Afrikaanse Republiek het hom klaar gemaak om  
2  
'n kommando uit te stuur. Toe daar gerugte versprei is, dat  
die twee persone wat in April 1856 vermoor is, aanleiding tot  
die moord gegee het, is besluit om die saak eers voor 'n hof  
van Laddros en Heemrade te laat ondersoek. 3  
Setsjelic het sy  
4  
onluste gestaak en die Boere het die saak daarby laat rus.

↳ Ons moet daarop let, dat die geskille hier deur die In-  
boorlinge self veroorsaak is. Dit was nie kwessies wat van  
die Boerekant gekom het om grondgebied te verkry nie. Hier  
was dit onderdane van die Boere wat opstandig geword het.  
Dit was egter die begin van die stryd waarna vyandiggesinde  
persone nog baie sou verwys om aan te toon, dat die Boere  
aanvallend teenoor Inboorlinge opgetree het om hulle grond-  
gebied uit te brei.

Vir die volgende jaar het die Inboorlinge in die  
westelike dele hulle rustig gedra. In die begin van 1858  
was daar egter weer moeilikhede aan die broei. Die Vrystaat  
was dieselfde tyd in 'n ernstige stryd met die Basoetoes ge-  
dompel. Toe die Volksraad op 4 Mei 1858 te Potchefstroom  
vergader, is nie minder dan 12 memories voor die Raad gelê,  
5  
waarin persone uit die Vrystaat om hulp vra. Hierop het die  
Volksraad besluit om afgevaardigdes na Mosjes te stuur om  
die oorlog te probeer be-eindig.

Op 11 Mei het President Pretorius en Kommandant

- 
1. R. 1121/56 - Verslag van die Kommissie 6 Junie 1856.
  2. R. 1095/56; R. 1136/56
  3. R. 1193/56.
  4. R. 1159/58.
  5. St. Court. Z.A.R. No. 28, 30 April 1858; No. 30, 14 Mei 1858; No. 29, 7 Mei 1858.

Kruger na die Vrystaat vertrek. Voorhulle egter Bloemfontein bereik het die O.V.S. met Mosjes ooreengekom om die vyandelikhede te staak.<sup>1</sup> Op 18 Junie 1858 het Kommandant Kruger te Thaba Bosigo 'n vredesooreenkoms gesluit, wat o.a. bepaal het, dat die geskille tussen die O.V.S. en die Basoetoes op 'n vriendskaplike manier geskik sou word.<sup>2</sup>

Terwyl onderhandelinge met die Basoetoes aan die gang was het Gasibone op die Hartsrivier, by Taungs, hom klaar gemaak vir 'n aanval.<sup>3</sup> Kruger het gevolglik opdrag ontvang om dadelik terug te kom om 'n kommando teen die opstandiges wat 'n seker Opperman, van der Westhuizen, e.a. blankes vermoor het, te lei.<sup>4</sup>

Voor hy Rustenburg kon verlaat, moes hy eers die grensbewoners in laers laat trek, die wat bosveld toe was, beveel om terug te keer en sorg dat die grense nie onbeskerm bly nie.<sup>5</sup>

Op 15 Julie het die opgekommandeerde Burgers by Oorbietjiesfontein aangekom en die volgende dag kry Kruger van die Goewernementssekretaris instruksies om dadelik op te trek na die vyand, omdat hy daardeur die steun van 'n kommando van 400 man van die O.V.S. wat volgens die berig van President Boshof, op die punt gestaan het om uitmekaar te gaan, sou kry.<sup>6</sup>

Oorbietjiesfontein is op 19 Julie verlaat.

- 
1. St. Court. Z.A.R. No. 33, 25 Junie 1858.
  2. Soutter versameling Pak V. 10.
  3. UIR.B. 28 Junie 1858, art. 1.
  4. St. Court. Z.A.R. No. 34, 9 Julie 1858.
  5. Dr. Engelbrecht: Kruger's Amptelike Briewe bls. 32.
  6. St. Court. Z.A.R. No. 43, 10 September 1858.

Reg in hulle pad was die stat van die Korannakaptein, Dawid Massou. Om uit te vind hoe hy teen die Boere gesind was, stuur Kruger 'n boodskap aan hom om 24 slagbeeste vir die Kommando te lewer. 'n Tweede versoek kon Massou nog nie beweeg nie. Sy antwoord, dat Massou nie osse vir ander aanhou nie, het vir Kruger genoeg openbaar.<sup>1</sup> In 'n suidwestelike rigting trek die Kommando na die Vaalrivier, waar op 26 Julie 1858 die kommando van Generaal Venter van die Vrystaat by hom aangesluit het.<sup>2</sup> Van hier het Kruger aan Mahoera, 'n onderkaptein van Gasibone, laat weet om die twee wit vrouens wat hy gevange gehou het, uit te lewer en die kwaaddoeners gevange te neem,<sup>3</sup> daar hy nie onskuldige bloed wou vergiet nie. Mahoera het die twee gevangenes uitgelewer, maar nie aan die ander eise voldoen nie.<sup>4</sup> Hy het hom besonder vredeliewend voorgedoen<sup>5</sup> maar agteraf vir oorlog voorberei.<sup>6</sup> Alle verdere pogings van Kruger om oorlog te vermy was vrugteloos.

x Op 10 September 1858 het die stryd losgebrand, Die Kaffers was goed voorsien van vuurwapens en ammunisie en goed verskans. Dit was nie so 'n maklike taak om die stat in te neem nie. Toe Gasibone sien dat die stat oormeester sou word, het hy met 'n klein lyfwag probeer ontvlug. 'n Klein patrollie het dit gewaar en in 'n skermutseling is hy dood geskiet.<sup>7</sup> Daarop is met Mahoera op 19 Septembervrede gesluit. Hy is as op-

- 
1. R.2224/58
  2. R. 2162/58; Dr. Engelbrecht: Kruger's Amptelike Briewe bls. 34.
  3. R. 2228/59 St. Court. Z.A.R. No. 43, 10 Sept. 1858.
  4. R. 2237/58
  5. R. 2229/58
  6. R. 2236/58; R. 2241/58; R. 2240/58.
  7. S.N. 78 - Verslag van Kruger 1858.



volger van Gasibone erken, maar moes 'n boete van 2000 beeste<sup>1</sup> betaal.

Die volgende jaar het Mahoera, onder voorwendsel dat hy nie teenwoordig was met die onderhandelinge van 1858 en 'n ander in sy naam opgetree het, voorgegee dat hy die skadevergoeding, opgelê<sup>2</sup> deur Kruger, nie kon betaal nie en om vrystelling gevra. Die Regering het dit onmoontlik gevind om<sup>3</sup> dadelik weer 'n kommando uit te roep, maar wou aan die versoek van Mahoera nie voldoen nie. Op 30 Januarie 1860 is hy kennis<sup>4</sup> gegee dat hy voor 1 April sy verpligtinge moes nakom. Waarskynlik as gevolg van die kennisgewing is Mahoera na Klein Waterboer, wat hom aangeraai het om nie die oorlogskoste te<sup>5</sup> betaal nie.

Geskille oor kerklike en politieke aangeleenthede en onluste in die noordelike dele van die Republiek het vir die volgende paar jaar die kwessie met Mahoera op die agtergrond geskuiwe. Op 13 November 1867 het die Uitvoerende Raad weer aandag aan die saak gegee en besluit, dat 'n Kommissie na Mahoera afgevaardig sou word om van hom die opgelegde ver-<sup>6</sup>pligting van 1858, met rente daarop te eis. Die Volksraad het die besluit bekragtig maar aanbeveel "om met alle omzichtigheid te handelen en de beste maatregelen te nemen, om Mahoera<sup>7</sup> tot zijne pligt te brengen."

Die Kommissie, bestaande uit: H. C. Vermaas, J. W. Viljoen en W. Beste en die Staatspresident, het eers op 30 Januarie

- 
1. St. Court . Z.A.R. No. 48, 29 Oktober 1858.
  2. R. 2959/59; St. Court Z.A.R. No. 49 5 November 1858.
  3. R. 2224/58; R. 2407/58; U.R.B. 11 Januarie 1859, art. 3 U.R. I.
  4. R. 2407/58 U.R. 3517/60.
  6. St. Court. Z.A.R. No. 227, 1867.
  5. R. 3649/60.
  7. V.R.N. November 1867, art. 158.

1869 op Bloemhof bymekaar gekom. Mahoera, Jantjie, Jan Blom, Gasibon, M-tlabane, Massou en Jakob Taaibos, is kennis gegee om op 10 Februarie 1869 met hulle raadsliede op die plaas van Daniel Verwey aan die Vaalrivier die Kommissie te ontmoet. Daar verskeie Kapteins nie aan die versoek voldoen het nie, is die saak uitgestel tot 12 Februarie. Op die vasgestelde tyd het hulle nog nie almal verskyn nie en die sitting is weer uitgestel. Matlabane het eers op die 16e, Massou op die 17e, en Manoera en Gasibone op die 19e daar aangekom. Op die 19e Februarie 1869 kon die Kommissie toe met werksaamhede aangaan. Uit die getuienis wat afg elê was, blyk dat byna almal, behalwe Jantjie en Massou, skuldig was aan die moorde en diefstalle wat aanleiding gegee het tot die Kommando van 1858.

Die onderhandelinge het "met meeste mogelyke vriendschap" afgeloop. Die Kapteins het belowe om binne twee maande die boete van 1858, wat nou 3000 stuk vee bedra het, te betaal. En sodra hulle aan die verpligtinge voldoen het, sou 'n "vaste Scheidingslijn" tussen die Naturelle en die Republiek daar gestel word.

Die ontdekking van diamante en goud in die binneland van Suid-Afrika het nuwe belangstelling gewek. Die eerste diamant is in die nabyheid van die Vaalrivier gevind. En in 1869 was die gebied tussen die Vaal- en Hartsrivier oortrek met delwers. In Desember 1867 kon Mauch van Matabeleland by Pretoria aan en rapporteer, dat hy goud langs die Tati rivier ontdek het.

- 
1. Verskillende Kapteins op die Wesgrens.
  2. S.S. 61 - Verslag van M.W. Pretorius, 15 Maart 1869.
  3. S.S. 60 - F. W. Kieyn memorandum, 1 Maart 1871.
  3. S.N. 78 - Ooreenkoms 26 Februarie 1868; St. Court. Z.A.R. No. 243, 29 April 1868; C. 2220, bls. 363.



Britse Imperialiste is deur die gerugte van die ontdekings wakker geskud. Ook die Suid-Afrikaanse Republiek het besef, dat dadelik gehandel moes word, In April 1868 vaardig President Pretorius 'n proklamasie uit waardeur die wesgrens van die Suid-Afrikaanse Republiek bepaal was "ten westen van het genoemde Meer (Ngamie) met eene regte lijn tot aan het noordepunt van Langeberg.<sup>1</sup>" Teen hierdie bepaling het die Hoë-Kommissaris geprotesteer. Die protes is deur die Volksraad nie erken nie. Om sake egter nie heeltemal onbepaald te laat nie, is op 16 November 1869 weer 'n proklamasie deur President Pretorius uitgevaardig waardeur die westelike grens van die distrik Bloemhof voorlopig as volg bepaal: van waar Hartsrivier op tot waar "de noordwestelijke loop van Hartsrivier boven de Poort<sup>2</sup> inloopt."<sup>3</sup>

Grondgebied waarop burgers van die Republiek van 1849 op gewoon het, het nou onder bespreking gekom.<sup>3</sup> In 1868 is deur die Hoë-Kommissaris aan die Britse Regering kennis gegee, dat ryk goudvelde in die nabyheid van die Suid-Afrikaanse Republiek ontdek is, en dat

The President assumed the entire control of the trade between this Colony and the interior, from which are drawn supplies of ostrich feathers, ivory, and other valuable commodities. 4.

Het Kimberley noord van die Vaal rivier gelê, sou die Britse Regering seker voor 1877 die gebied geannekseer het. Net soos voorheen in Natal, was die belange van die Britse handelaar

- 
1. St. Court. Z.A.R. No. 243, 29 April 1868; C. 2220, bls. 363
  2. St. Court. Z.A.R. No. 300, 16 Nov. 1869, K.G. No. 158.
  3. S.S. 60, 1 Maart, 1871; R. 1456/70.
  4. C ... Kidnapped by People of Tvl., bls. 15 - Brief van Wodehouse, 9 Oktober 1868.



weer op die spel.

Op 19 September 1870 het die Hoe-Kommissaris, ook namens Waterboer protes aangeteken teen die aanspraak wat die Suid-Afrikaanse Republiek op gronde tussen die Vaal en Hartsrivier gemaak het. Hy wou die President onder die aandag bring:

"in very strong terms, the necessity for abstaining from the encroachments, without lawful and sufficient cause, upon the possessions of native tribes in friendly alliance with Her Majesty's Government." 1.

Die vriendskaplike verhouding waarop hier gesinspeel is, was ge-grond op die ooreenkoms met Waterboer wat op 11 September 1834 deur Sir B. D'Urban aangegaan is. Van die s.g. "vriendskaplike houding" is nou weer geredelik gebruik gemaak om die saak van Waterboer te ondersteun omdat daar winste uit te maak was. Die ondersteuning van die filantropie moes egter ook verkry word; daarom is aan Sir Henry Barkly kennis gegee, om nie toe te laat nie dat die Republiek sy gebied van "Slave-<sup>2</sup> dealing operations" uitbrei nie.

Dat hierdie protes heeltemal ongegrond was, blyk uit die volgende: Bloemhof was vir jare bewoon deur 'n seker Barkly en toe dit as dorp geproklameer was, is erwe in die openbaar verkoop sonder dat enige beswaar daarteen uitgebring is. 'n Landdros is aangestel om passe uit te reik vir Inboorlinge wat deur die betwiste gebied te reis, en die Kapteins het nie daarteen beswaar gemaak nie. So is bv. in 1864 aan Moroko, die Barolong Kaptein van Thabantsjoe, 'n pas gegee om 'n besoek by Montsica af te lê. Ook Christiana is aangele en

-----  
1. C. 459, bls. 44.  
2. C. 459, bls. 65.

erwe publiek verkoop en bewoon sonder dat daar in die begin<sup>1</sup> beswaar teen gemaak is. Grond is verder bewoon wes van Schoonspruit op tot die Moloporivier, wes van die Hartsrivier tot die Soutpan en verskeie ander plekke toe die Barolongs nog by Matlong naby Potchefstroom gebly het.<sup>2</sup>

Nieteenstaande die wettige aanspraak van die Suid-Afrikaanse Republiek op die gebied tussen die Vaal- en die Hartsrivier, het Montsioa wat ook deur Ludorf e.a. opgesweep is, op 24 Julie 1870 geprotesteer teen die uitmeting van plase in die wyk "boven" en "middel" Hartsrivier. Die invloed van die Britse Imperialistiese apostels blyk duidelik uit die waarskuwing aan die Suid-Afrikaanse Republiek gestuur dat die burgers op die weste kant van die Hartsrivier nie verbeteringe mag aanbring nie "tot tijd en wijl Harer Britsche Majesteit's Hooge Commissaris, of zijn Plaatsvervanger, over deze zaak uitspraak gedaan hebben."<sup>3</sup>

Die Britse Regering moes ook aan die wêreld kon toon, dat hulle nie indringers was nie, maar op versoek van die Inboorlinge sy "beskermende hand" aangebied het. So skryf Luit. Goew. Hay op 4 Augustus 1870 aan Lord Granville:

These claims (op die gebied noord van die Vaalrivier) to some extent at least are disputed by the original native inhabitants most of whom have long been desirous of placing themselves and their lands under the protection of Her Majesty's Government. 4.

Sir Henry Barkly het egter in sy brief van 28 Desember 1874 aan President Burgers duidelik verklaar waarom Britse

- 
1. S. S. 60 - 1 Maart 1871.
  2. C. 3114, bls. 86.
  3. T. 1/1200 (1929) - Protes van Montsioa, 24 Aug. 1870.
  4. C. 459, bls. 29.



verteenwoordigers in Suid-Afrika ingemeng het in die geskille<sup>1</sup>  
op die wesgrens. Hy skryf o.a. in die brief:

My sole object was, as it had from the first been, to secure the independence and neutrality of the country, and thus keep open one of the great highways by which commerce and civilization had for years been spreading from the Cape Colony towards the Interior. of the Continent.

Onder invloed van Blanke raadgewers het die Inboorlingkapteins op die Hartsrivier en wes daarvan ou vae aansprake voor die dag gebring om hulle besitreg van die gebied aan te toon. So het Montsioa aanspraak gemaak op die gebied omdat sy voorvader Tau 'n deel van die gebied bewoon het.<sup>2</sup> Hy het egter vergeet om melding te maak van die feit, dat Tau die gebied van die Leghoyas verower het, dat hy verdrywe was deur Silkaats, en die Barolongs hulle later met die toestemming van die Trekkers in die gebied gevestig het;<sup>3</sup> m.a.w. in Boeregebied gewoon het.

Eerwaarde Ludorf het daarvoor gesorg, dat Montsioa e.a. van die Barolong Kapteins die Britse Regering om ondersteuning gevra het teen "die poging van die Suid-Afrikaanse Republiek om hulle grond in besit te neem."<sup>4</sup>

In Oktober 1870 het President Pretorius, Kruger en T. F. Steyn sommige van die Kapteins op die "wesgrens", en afgevaardigdes van die ander ontmoet. Met die onderhoud het die Kapteins weer erken, dat die Trekkers die werklike eienaars van die betwiste gebied was. Hulle het ook erken, dat hulle met toestemming van Potgieter hulle in die gebied gaan vestig<sup>5</sup> het.

- 
1. R. 35/75.
  2. Soutter Versameling No. 52 - 14 September 1870
  3. Native Affairs Department: History of the Native Tribes of the Tvl. (Pretoria 1905), bls. 8, 9.
  4. C. 459 bls. 103 - Brief van Montsioa, 18 November 1870  
In hierdie brief word Montsioa genoem die "Paramount Chief". Dit was 'n Uitvinding van Ludorf om die aanspraak van die Kaptein op die grondgebied sterker te maak,
  5. T 1/1200 (1929) onder Naturelle Kommissies, onderhoud van 16 November 1870.



- 71 -

Op 21 Desember 1870 het die Volksraad besluit om kwessies in verband met die westelike grens na 'n spesiale Kommissie te verwys. Sonder om die Kommissie te raadpleeg of kennis te gee, het President Pretorius op 1 Maart 1871 die akte van submissie onderteken, waarvolgens hy toegestem het om die saak aan 'n arbitrasiehof te onderwerp.<sup>1</sup> Die arbiters, A.A. O'Reilly en Campbell kon nie oorkom nie en die saak is vir finale beslissing aan Luit. Goew. Keate van Natal gestuur,<sup>2</sup> wat die betwiste gebied aan die Inboorlingkapteins as onafhanklike eienaars toegeken het.<sup>3</sup> Hierdie gebied wat deur Keate aan die Inboorlinge toegeken het, het plase ingesluit wat van 1849 reeds deur die Trekkers bewoon was.<sup>4</sup>

Die Volksraad het dadelik teen die uitspraak geprotesteer. Volgens die mening van die Raad was die arbiters, Campbell en Keate partydig. Campbell het direkte belange by die gronde onder arbitrasie gehad. Voor die saak uitgewys was, het die Britse Regering besluit om Waterboer onder Britse beskerming te neem:<sup>5</sup> daarom het die Suid-Afrikaanse Republiek die onpartydigheid van Keate sterk in twyfel getrek.<sup>6</sup> Verder is onwettig hierdeur grond aan ondergeskikte Kapteins afgestaan, sonder die toestemming van Groot Opperhoofde, Massou en Mosjette.<sup>7</sup>

Sir Henry Barkly het wel aan die President op 26 Oktober

- 
1. De Volkstem, 18 April 1874; S.S. 61 - 24 Julie 1871; C. 459 bls. 149-151
  2. C. 459, bls. 190.
  3. St. Court. Z.A.R. No. 370, 21 Maart 1871, K.G.No. 614
  4. S.S. 60 - Memorandum van F. Kleyn.
  5. Volkstem 18 April 1874.
  6. R. 253/71; C. 459, bls. 148.
  7. S.N. 1. 109/79.

1871 laat weet, dat die Britse Regering van plan was om nie alleen die gebied van Waterboer suid maar ook noord van die Vaalrivier te annekseer en hom kennis gegee, dat die amptenare van die Suid-Afrikaanse Republiek met die uitvoering van hulle pligte in die gebied moes staak, maar in die praktyk het die Republiek in besit van die betwiste gebied gebly. Die Suid-Afrikaanse Republiek het die Keate-uitspraak nie erken nie.<sup>1</sup> Die Boere wat in die gebied gewoon het is vermaan om niks te doen wat aanleiding tot vyandelikhede kon gee nie, en die Inboorlinge om hulle stil en rustig te gedra.<sup>2</sup>

Om egter misverstand in die toekoms te vermy en met het doel om vrede en goede regering te bewaren, zonder nogtans in eenig opzicht afstand te doen van de aanspraak der Regeering van de Z.A.Republiek op dit gebied of op eenige wijze het plegtig protest der Regeering tegen de uitspraak van zijne Excellentie Luitenant Goewerneur Keate in die Bloemhof arbitragie zaak te verkrachten of te beroepen, het President Burgers op 25 November 1872 'n ooreenkoms met die Korannerkaptein Dawid Massou, gesluit waardeur die Korannas afstand doen, van alle hun regt en gezag op het grondgebied ten noorden van de Vaalrivier waarop gezegde natie aanspraak maakt .. en verklaren hiermede de gezegde Korannanatie door de ondergetekende voortaan onderdanen te zijn van en getrouw aan de gezegde Z.A. Republiek. 3.

Aan Massouw en sy volgelinge sou 230,000 morge afgestaan word wat vry sou wees van enige belastings, maar Massou met al sy volgelinge sou onderdane van die Suid-Afrikaanse Republiek bly en hulle onderwerp aan die verpligting deur die Staat aan

- 
1. St. Court. Z.A.R. No. 406, 26 Desember 1871 - Proklamasie van 4 November 1871; C. 508, bls. 64; R. 1456/70.
  2. St. Court. Z.A.R. No. 406, 26 Desember 1871
  3. St. Court. Z.A.R. No. 508, 14 Januarie 1874, K.G.No.140  
St. Court. Z.A.R. No. 465, Februarie 1873.



hulle as sulks opgedra.

Soortgelyke ooreenkomste is op 1 Junie 1873 met Mosjette,<sup>1</sup> grootopperhoof van die Barolongs, en op 11 Desember met Gasibone,<sup>2</sup> grootopperhoof van die Batlapiens, gesluit.

Die Suid-Afrikaanse Republiek het nou 'n duggel aanspraak op die gebied gehad, nl. kragtens die reg van oorwinning en ooreenkoms. Hulle het egter hier ook direkte regering van die Inboorlinge vermy deur in die ooreenkomste te bepaal, dat die Kapteins soos voorheen hulle stamme sou regeer.<sup>3</sup>

Nieteenstaande hierdie verklaring van President Burgers het vyandige tydskrifte soos "The Field" die ooreenkoms as 'n /aanhechtings politiek" beskou, 'n vervulling van "'n langberaamde plan." Die Blad erken egter dat die aangenome politiek verstandig en die handelwyse heeltemal wettig was omdat Gasibone "die Beste aanspraak het op die grond volgens erfreg en volkskeuse."<sup>4</sup> Om hierdie verdrae as anneksasie- verdrae te beskou was heeltemal verkeerd. President Burgers het dit ten minste beskou as 'n segregasie van Naturelle binne die gebied.<sup>5</sup> Dit het ooreengekom met die politiek wat gevolg is teenoor ander Inboorlingstamme. Deur die ooreenkomste het dus opnuut die aanspraak van die Suid-Afrikaanse Republiek op die gebied waarop die Korannas, Barolongs en Batlapiens gewoon het bekragtig.<sup>6</sup> Die "Natal Witness" het die President met hierdie sukses gelukgewens.<sup>7</sup>

Die ooreenkoms met Gasibone het nie in die kraam

- 
1. St. Court. Z.A.R. No. 159, 1 April 1874: S.N. I 109/79
  2. Byv. St. Court. Z.A.R. No. 515, 4 Maart 1874.
  3. Volkstem 10 Januarie 1874 en 24 Januarie 1874.
  4. Volkstem 10 Januarie 1874.
  5. Volkstem 24 Januarie 1874. C.3219, bls. 42, 43.
  6. R. 796/75; Byv. Volkstem, 18 April 1874, C. 3114 bls. 74.
  7. Volkstem 24 Januarie 1874.



van die imperialisties gesindes gepas nie. W. C. Palgrave is deur die Luit-Goewerneur van Kimberley na die Kaptein gestuur om hom te adviseer "aangaande de beweerde ontvreemding" aan die Suid-Afrikaanse Republiek van 'n gedeelte van die Batlapiens gebied. Aan Gasibone laat hy weet dat hy hom raad sal gee "waarvoor gij (bolatsie) mij eeuwig danken zult, indien gij niet laat zijn en in staat is om er gebruik van te maken." By Taungs gee Palgrave nie allen vir Gasibone raad nie maar Mankoroane, 'n ondergeskikte Kaptein, is opgestook om sy aanspraak op die Opper-Kapteinskop te maak. Word dit eers erken dan sou dit nie moeilik wees om die ooreenkoms tussen die Republiek en die "Groot Opperhoof" Gasibone waardeloos te maak nie.

Die aanspraak van Mankoroane op die Opperhoofskap was egter ongegrond. Dit was algemeen bekend dat hy nie 'n direkte afstammeling was van die Grootkaptein Molehabane Mothibe en Gasibone nie, maar dat sy Vader Molale was. Daar die aanspraak op koningskap by die Batlapiens op erfreg berus het, was Mandoroane en sy ondersteuners, o.a. Arnot, verkeerd in hulle opvatting.

Mankoroane was egter deur Britse onderdane aangehits om by die Britse Regering aansoek te doen vir ondersteuning, wat hy nodig gehad het om sy onwettige aanspraak op die Opperkapteinskop te kry.

Lord Kimberley het op die tydstip nog nie die noodsaaklikheid ingesien om die grondgebied, later bekend as Betsjoeanaland, te annekseer nie en het daarom Sir Henry Barkly, wat meer van 'n Imperialis was, geantwoord dat die Britse

- 
1. Volkstem 7 Maart 1874 - Brief van Palgrave 7 Februarie 1874
  2. Volkstem 7 Maart 1874; Groenboek re Londen Conv. 1884. p. 26. In sy memorandum van 4 November 1881, erken Kol. Moysey dat Gasibone van hoër geboorte as Mankoroane was C. 3098, bls. 105.
  3. R. 640/73; C. 3114 bls. 87.

Regering nie 'n bondgenootskap met Mankoroane wou aanneem nie. Hy moes Mankoroane ook laat verstaan dat die Britse Regering geen verder uitbreiding van Britse grondgebied sou toestaan  
<sup>1</sup>  
nie.

Die invloed van Britse Imperialiste op die "wesgrens" was egter nie sonder gevolge nie. Kort na die aankoms van Palgrave by Mankoroane is deur lg. aanvalle gemaak op vee van Gasibone en op dieselfde dag laat hy vir Gasibone weet dat oorlog moes beslis wie die sterkste was. Daar is selfs stories versprei dat die Regering van Grikwaland-Wes Mankoroane sou ondersteun om die Opperhoofde wat hulle aan die Suid-Afrikaanse Republiek onderwerp het, uit die gebied deur Keate aan die Barolongse toegeken is, te verdrywe, en dat die administrasie van Grikwaland-Wes oor die gebied uitgebrei sou word omdat dit "in belang van beskawing en verspreiding van Kristendom  
<sup>2</sup>  
onder die heidense stamme van Suid-Afrika was."

Montsioa wat alreeds getoon het dat hy Brits gesind was, en veral deur die Keate-Uitspraak aangemoedig was om dit te wees, het ook nie die ooreenkoms met Mosjette eerbiedig nie en moes op 16 Augustus gewaarsku word, dat hy die grense van die gebied, aan die Naturelle vir bewoning afgestaan, oorskrei, het. Hy is verder in kennis gestel om by die President van die Suid-Afrikaanse Republiek aansoek te doen as hy verder  
<sup>3</sup>  
grond vir bewoning wou hê.

Hierdie Barolongkaptein het mettertyd aangeneem dat hy Hoofkaptein van al die Barolongstamme was, omdat Mosjette

- 
1. Volkstem, 7 Maart 1874.
  2. Volkstem, 7 Maart 1874.
  3. C. 3841, bls. 163.



en Matlabe, deur ooreenkomste met die Boere te tref, "hulle aan die Boere onderwerp het", terwyl hy dit nie gedoen het nie. Hy het soos Mankoroane ook na die Britse Regering opgesien vir ondersteuning om sy saak vol te hou, en gehoor gegee aan die advies van die Hoë-Kommissaris te Kaapstad en die Luit-Goewerneur van Grikwaland-Wes, wat hom herhaaldelik aangeraai het om sy onderdane stil te hou en sy belange in die hande van die Engelse te laat.<sup>1</sup> Die onluste onder die stamme op die wesgrens was dan, volgens die mening van President Burgers 'n gevolg van die houding van die Hoë-Kommissaris.<sup>2</sup>

Om die sake met die Kafferkapteins met wie die verdrae gesluit was af te handel, het die Uitvoerende Raad op 8 Junie 1875 aan die President, W. Best (die Landdros van Bloemhof) en P. de la Rey opgedra om die grenslyn tussen die Naturelle op te meet, af te baken, te beskryf en kaarte te maak.<sup>3</sup>

Gasibone is op 22 Junie 1875 ontmoet en die grenslyn van die Batlapiens as volg bepaal:<sup>4</sup> Van Makwassiedrif, naby die woning van Potgieter, aan die Vaalrivier in 'n noord-westelike rigting oor die plaas van Buitendag; dan suid van Klipfontein, oor die plaas Graspan en Kafferpan tot aan die Hartsrivier, ongeveer halfpad tussen Mamoesa en Taungs, by die inloop van "Matjieskopjesspruit" (Matjesspruit).<sup>5</sup>

Ook die grondgebied wat volgens die ooreenkoms met Massou Riet Taaibosch aangegaan was in 1872, is deur die Kommissie

- 
1. C.3114, bls. 87.
  2. E.V.R.N. 21 September 1874; St. Court. Z.A.R. No. 505, September 1874.
  3. U.R.B. 8 Junie 1875, art. 129, U.R.V.
  4. St. Court. Z.A.R. No. 592, 25 Augustus 1875.
  5. St. Court. Z.A.R. No. 592, 25 Augustus 1875 - Proklamasie 18 Augustus 1875.



1  
afgebaken.

Na die ooreenkomste met die Kapteins op die "wesgrens" was toestande besonder gunstig maar kort na die anneksasie van die Suid-Afrikaanse Republiek op 12 April 1877 het die Naturelle in die westelike dele begin opstandig word. Hulle het hulle woonplekke versterk en 'n vyandige houding begin aanneem.<sup>2</sup> Die Britse administrasie het voortgegaan om die Britsgesinde Mankoroane te ondersteun as Grootkaptein en dit het die moeilikhede verder laat ontwikkel.<sup>3</sup>

In Oktober 1878 kla die inwoners van die noordelike dele van die vroeër betwiste gebied tussen die Vaal- en Hartsrivier, dat toestande in die dele onuithoubaar was.<sup>4</sup> Ook van distrik Potchefstroom is klagtes ingedien.<sup>5</sup> Geskille tussen die Naturelle was aan die orde van die dag en diefstalle het by die dag toegeneem.<sup>6</sup>

Grondkwessies is weer opgebring. En om die moeilikhede op te los, stel Shepstone op 8 Julie 1878 aan Sir B. Frere voor om terug te keer na die "ou grense" van die Suid-Afrikaanse Republiek en voldoende grond af te baken vir die Naturelle om op te woon;<sup>7</sup> m.a.w. hy stel dieselfde politiek voor wat deur die Suid-Afrikaanse Republiek voor die anneksasie gevolg was.

Die Boere was oortuig daarvan dat die gebied ten weste tot die Kalaharie hulle wettig toegekom het.<sup>8</sup> Dit het hulle beleid teenoor die Inboorlinge hier bepaal en nie die be-

- 
1. St. Court. Z.A.R. No. 610, 8 Desember 1875, K.G.No. 2173.
  2. T 1/1200.
  3. T 1/1200 - Lanyon aan Shepstone 8 Julie 1871; C. 2220, bls. 109.
  4. C. 2252, bls. 41; C. 2367, bls. 157.
  5. C. 2252, bls. 44.
  6. C. 2252, bls. 43.
  7. T. 1/1200; J. Links aan Shepstone, 15 Julie 1878; C. 2220, bls. 110.
  8. Joubert Versameling No. 1995 bls. 375.

geerte om grondgebied te besit nie.

Hulle het die gebied van Silkaats verower. Die Inboorlinge wat hulle nie met die toestemming van die Boere in die gebied gevestig het nie, het wel deeglik die gesag van Silkaats erken. Hulle is nie onder direkte toesig geplaas nie. Die Boere het van die bestaande Inboorlingorganisasies gebruik gemaak en dit het die stamme aangemoedig om hulle later as onafhanklike stamme voor te doen. Die gebied oos van die Trekkergebied het hulle van baie groter belang <sup>1</sup>beskou, maar hier was Inboorling gevestig wat op die gebied aanspraak kon maak.

Noord van die Limpopo was ook waardevolle grondgebied. Die vraag is nou: Watter beleid sou die Boere teenoor die Inboorlinge hier volg?

Na Silkaats deur die Trekkers oor die Limpopo verdryf is, het hy hom vir 'n tyd by die Makarikari Soutpanne gevestig en ongeveer 1840 aan die bo-waters van die Mzingwane onder die Matopo's, 'n nuwe vesting vir hom opgebou. Ongeveer 1846 het sy impies suid van die Limpoporivier verskyn. Potgieter het 'n kommando versamel en teen hulle opgetrek. 'n Vredestraktaat is met hom gesluit (1846 of 1847) waardeur hy belowe het om geen stamme binne die "grens" van die Republiek aan te val nie. Aan die ooreenkoms het Silkaats hom gehou en sy roofekspedisies beperk tot die gebied noord van die "grens" van die Emigrante.<sup>1</sup> Van die tyd was die verhouding tussen die Boere en Silkaats een van vriendskap.<sup>2</sup>

Op 8 Januarie 1853 het provisionele Kommandant-Generaal P.J. Potgieter 'n ooreenkoms met Moratie, 'n Onderkaptein van Silkaats, gesluit waardeur Silkaats o.a. belowe om die handel in vuurwapens teen te gaan, blankes wat in sy gebied reis te beskerm en hulp te verleen indien hy opgeroep word.<sup>3</sup>

-----

1. Groenboek Z.A.R. re Londen Conventie 1884 bls. 27. Die "grens" was waarskynlik die Limpoporivier.  
2. E.V.R. 106, V.R. 325/53 en E.V.R. 104, V.R. 38/48.  
3. V R N 14 Maart 1853 art. 48.



Die ooreenkoms is in Maart 1853 deur die Volksraad goedgekeur. Deur hierdie ooreenkoms het Silkaats nie 'n onderdaan van die Boere geword nie.<sup>2</sup> Die verhouding tussen die Boere en Silkaats was meer die van bondgenote. Net soos die Swasies as onafhanklik Kaffers hulptroepe vir die Suid-Afrikaanse Republiek gestuur het, het die Boere hier verwag dat Silkaats ook hulp sou stuur.

Nog in dieselfde jaar in 'n tweede ooreenkoms met Silkaats gesluit en hierdie keer deur Kommandant-Generaal A.<sup>w</sup>.J. Pretorius. Hierdie ooreenkoms het min of meer dieselfde as die vorige bepaal, met die volgende byvoegings: Geskille sou nie met die wapen beslis word nie en misdadigers sou uitgelewer word.<sup>3</sup> Die doel van die ooreenkoms was blykbaar om die vriendskaplike verhouding tussen die Boere en Silkaats te versterk.

Silkaats het van sy kant probeer om die vrede te bewaar deur volgens Inboorlinggebruik twee olifantsbultande en een koëitand as teken van vriendskap aan Potgieter te stuur en reisigers uit die Suid-Afrikaanse Republiek vriendelik te ontvang.<sup>4</sup><sup>5</sup>

Die goeie vooruitsigte vir vriendskaplike betrekkinge is hier ook verduister deur die invloed van 'n Imperialisties gesinde verteenwoordiger van die Londense Sendinggenootskap. In 1858 het Kommandant-Generaal Schoeman 'n kommissie na Silkaats gestuur om die ou vriendskaplike betrekkinge te onderhou, en die kommissie is terug gestuur sonder dat hulle die Kaptein gesien het.

- 
1. V.R.N. 14 Maart 1853, Art. 48.
  2. Agar-Hamilton is blykbaar van oordeel dat die ooreenkoms die gewone pligte van 'n burger" op Silkaats gelê het: m.a.w. dat hy onderdaan was - Nat. Pol. bls. 80 -Vgl. ook proklamasie van Pretorius van 1868.
  3. S.N. 78.
  4. E.V.R. 106, V.R. 377/53.
  5. R. 1229/56; St. Court. Z.A.R. No. 44. 1858.



Deur Kaffers is aan die Kommissie meegedeel, dat daar vier handelaars "in verband met de Heer Moffat" by Silkaats was met vuurwapens en ammunisie.<sup>1</sup> Hierdie berig het die Suid-Afrikaanse Republiek wakker laat skrik. Op 22 September 1858 het die Volksraad besluit dat niemand toegelaat sou word "op de gronden der Z.A. Republiek waar de opperhoofden Sogomo en Mazelikatze toegelaten zigt te wonen,"<sup>2</sup> daar te gaan jag of handel sonder dat ver~~lo~~of verkry was van die President van die Suid-Afrikaanse Republiek, die Kommandant-Generaal, of 'n persoon wat daartoe gemagtig sou wees.<sup>3</sup>

Vir die volgende paar jaar kry ons geen verdere ontwikkeling in die verhouding tussen die Boere en Silkaats nie. Silkaats wasnog gretig om die vrede met die Boere te bewaar. In 1861 het hy aan Albasini, die Superintendent van Kafferstamme in Soutpansberg laat weet dat die Boere weer by hom moes kom jag,<sup>4</sup> en in Desember 1861 is Kommandant Viljoen nog vriendelik deur die Kaptein ontvang.<sup>5</sup>

Die proklamasie van Pretorius van April 1868 waardeur die grense van die Republiek bepaal is, het 'n groot deel van die gebied noord van die Limpoporivier ingesluit.<sup>6</sup> Kort hierna het gerugte Natal bereik dat goud ontdek was in die grondgebied van Silkaats. Dit het die Natalse Administrasie ook aangespoor.<sup>7</sup> Op 3 Junie 1868 skrywe

- 
1. St. Court. Z.A.R. No. 40, 20 Augustus 1858. St. Court. Z.A.R. No. 41 1858.
  2. Hier is bedoel die gronde wat in 1868 deur die Proklamasie van Pretorius noord van die Limpopo ingesluit is.
  3. Locale wetten Z.A.R. 1849-1885, bls. 109.
  4. R. 4602/61.
  5. R. 4886/61.
  6. Die noordgrens is as volg bepaal: "ten noorden met deze Rivier (Pafurie) op, tot waar het gebergte Spelonken aan de Limpopo of Krokodilrivier schiet, met dit gebergte, tot waar het zelve Noordwaarts naar de zonga draaid, van het westelijk punt of de hoek van het gebergte met eene regte lijn naar de Kuwaij waar de rivier Slangalie in dezelve loopt, vervolgens met de rivier Kuwaij tot waar deze rivier in de Zongarivier loopt, en met de Zonga tot in het meer Ngamie." St. Court. Z.A.R. No. 243, 29 April, 1868.
  7. Kidnapping and Enslaving of young Africans by the people of the Transvaal Republic, bls. 27.

Sir P. E. Wodehouse aan die Britse Regering dat die aLuit.-Goewerneur van Natal sterk daarop aangedring het dat afgevaardigdes na Silkaats gestuur sou word. Daar Britse Imperialisme nog nie ryp was vir ontplooiing in Suid-Afrika nie, het Sir P.E. Wodehouse nie vergeet om melding te maak van die anargie wat in die binnelande onder die barbare kon ontstaan, as die Britse Regering nie aandag aan die gebied gee nie.<sup>1</sup> Wodehouse het besef dat die ontwakende Imperialisme nog nie ondersteuning van die filantropie nodig gehad het om die Britse Regering tot inmenging te beweeg. Hy was blykbaar gretig om dadelik te handel, maar het op die tydstip nie die nodige fondse tot sy beskikking gehad vir so 'n onderneming nie.<sup>2</sup> Die Britse Regering was egter ook nie gewillig om in die gebied in te trek nie. Die Britse Regering het wel dit goedgekeur dat die Kaapse Regering 'n verteenwoordiger na die gebied van Silkaats sou afvaardig maar aan Wodehouse is kennis gegee "you will distinctly disclaim any responsibility on the part of Her Majesty's Government for the result of the undertaking."<sup>3</sup>

Kommandant Jan Viljoen het in 1868 weer 'n besoek aan Silkaats en die Bamangwatostam ten ooste van Silkaats gebring en die laasgenoemde die beskerming van die Suid-Afrikaanse Republiek aangebied, maar 'n verteenwoordiger van die Londense Sendinggenootskap, wat soos sy kollegas ook met imperialistiese ideale besiel was, het ook die keer nie geslaap nie. Op 29 maart 1869 rig hy in die naam van die Kaptein van die

- 
1. Kidnapping and Enslaving of young Africans by the people of the Transvaal Republic, bls. 12, 13, 32. Brief van 24 September 1868.
  2. Dieselfde, bls. 14.
  3. Dieselfde, bls. 23.



Bamangwato 'n brief van Wodehouse, waarin die Hoë-Kommissaris versoek is om die gebied van die Kaptein onder Britse beskerming te plaas.<sup>1</sup> Die Hoë-Kommissaris kon egter nie aan die versoek voldoen nie en die Britse Regering wou nie. Die invloed van die Sendeling het egter nadelig gewerk op die uitbreiding van die invloed vandie Suid-Afrikaanse Republiek in die gebied.

Kommandant P. Kruger het gemeen, dat dit tyd was om die belange van die Republiek in die noorde te verseker. Op 8 Augustus skrywe hy aan P. Lee,<sup>2</sup> wat in die nabyheid van Silkaats was, dat dit wenslik was dat die belange van die Suid-Afrikaanse Republiek in Matabeleland verteenwoordig sou word deur 'n Diplomatieke Agent by Silkaats, en versoek hom om die funksies op hom te neem. Hy voeg by:

Voorlopig is mijn nederig versoek dat geen vreemde mogendheden eenige ondernadelingen met het opperhoofd Salakats zouden aangaan tot tijd en wijle n.m.l. indien het voor U. Ed. aannemelijk is U.Ed. als onze Diplomatische Agent aangesteld te zien. 8.

Op 15 November het P. Lee geantwoord dat hy gewillig was om die diens te aanvaar as hy daarvoor vergoeding sou ontvang.<sup>4</sup>

Op 5 September 1868 is Silkaats oorlede, en in 1870 is hy opgevolg deur Lobengoeloe. Die nuwe Kaptein was ook vriendskaplik teenoor die Suid-Afrikaanse Republiek gesind. Op 7 November 1879 het Landdros P. J. van Staden van Rustenburg laat weet, dat die Matabelekaptein verklaar het, dat hy deur Jan Joubert aansoek gedoen het, om 'n bondgenootskap met die President te sluit, maar dat hy nog geen antwoord gekry het nie.<sup>5</sup> In dieselfde jaar het Lobengoeloe 'n soortgelyke

- 
1. Kidnapping and enslaving of young Africans by the people of the Transvaal Republic, bls. 14.
  2. R. 1041/68.
  3. Dr. S. P. Engelbrecht: Paul Kruger's Amptelike Briewe, bls. 192.
  4. Dieselfde.
  5. R. 1787/73.

- 83 -

boodskap deur middel van 'n seker Viljoen aan die Suid-Afrikaanse Republiek laat weet. Die Boere was egter hier te stadig en die invloed van Britse onderdane het vir die Suid-Afrikaanse Republiek nadelige gevolge gehad.

Op 10 April 1876 het Lobengoele aan die President laat weet dat gerugte versprei was, dat 400 of 500 Boere hulle klaar gemaak het om sy gebied in te trek. Hy het hierteen geprotesteer en aan die President kennis gegee dat hy verplig sou wees om sy grondgebied te beskerm. Dieselfde dag het Lobengoele met behulp en waarskynlik op advies van J. B. Thomson, van die Londense Sendinggenootskap, aan die "Vriend van die gekleurderasse", Sir Henry Barkly, om hulp gevra om sy gebied te beskerm teen die intrekkers.<sup>1</sup>

Sir Henry Barkly was baie gretig om die grondgebied van Engeland in Suid-Afrika uit te brei, maar daar moes voordele aan so 'n uitbreiding verbonde wees en ander redes, dan net die uitbreiding van grondgebied aangevoer kon word, om die Britse Regering tot so iets te beweeg. Gevolglik kon die Hoë-Kommissaris op die versoek nie handel nie.

Die belangstelling van die Suid-Afrikaanse Republiek was meer gerig op die gebied wes en oos van die Republiek. Nie-teenstaande die versoeke van Lobengoele het die Suid-Afrikaanse Republiek geen verder stappe geneem om sy invloed op die hinterland in die noorde te vestig nie. Eers op 6 Junie 1887 is aan Piet Grobler volmag verleen om 'n nuwe ooreenkoms met die Kaptein te sluit.<sup>2</sup> En toe was dit byna al te laat.

-----  
1. C. 1748, bls. 41  
2. S.N. 13 - 7/87; C. 5918, bls. 4 en 5.